GR. R - VERLOOP VAN AANSOEKPROSES - 2017

Aansoekvorms op webtuiste beskikbaar: **11 April 2016**

Aansoekproses open: **19 April 2016**
Lapa, Laerskool Fairland
Ingang: Marketstraat
06:00

GR. R-2017

Hierdie leerders **MOET** aansoekvorms voltooi en deur die hele aansoekproses gaan (m.a.w. in die ry kom staan) met nodige dokumentasie. **LET WEL:** Dit is slegs 'n aansoekvorm en nie 'n inskrywingsvorm nie.

Dokumentasie wat benodig word:

- Afskrif van leerders se geboortesertifikaat
- ID-grootte foto
- Afskrif van leerder se kliniekkaart
- Bewys van woon- en/of werksadres (hang af of u in area woon of werk).
  Huurkontrakte **MOET** gewaarmerk wees
- Afskrif van ID-dokumente van beide ouers

Indien bogenoemde dokumentasie **NIE** u aansoekvorm vergesel nie, het u 2 weke kans om in te handig. Indien die dokumentasie nie ingehandig word nie, word u aansoek geskrap en moet u die proses van vooraf begin.

KRITERIA:

Vir A-lys:

- Reeds boetie/sussie in Laerskool Fairland
- Binne grensgebied woon of
- Binne grensgebied werk.

Vir A-waglys:

- Indien aansoek ontvang word nadat klassies reeds vol is, sal leerder se naam op A-waglys geplaas word (indien aan kriteria vir A-lys hierbo voldoen).

Vir B-lys:

- Voldoen aan geen van bogenoemde kriteria-punte nie.
  Ouers moet asb. self sorg dat hul ook by ander skole aansoek doen ingeval ons nie die leerder by ons kan plaas nie.

Proses:

- **Gr. R-ouers met leerders huidiglik in Laerskool Fairland staan in een ry.**
- **Alle nuwe aansoeke (A- of B-lys) staan in aparte ry.**
- **U ontvang 'n nommer vir elke aansoek. Die nommer GAAN verander afhangende of u op A- of B-lys gaan wees.**
- **Indien u nie seker is of u binne- of buite voedingsarea woon of werk nie – daar is 'n kaart in die lapa beskikbaar – gaan maak asb. seker of u op die A- of B-lys moet wees.**
  Vir enige navrae in dié verband, stuur e-pos aan karen@lsfairland.co.za.

/...2

Suksesvolle en onsuksesvolle aansoeke sal per e-pos in kennis gestel word (A- en B-lys asook A-waglys). Suksesvolle aansoeke sal deposito moet betaal (bedrag sal later bekend gemaak word aan suksesvolle aansoeke) – indien die betaling nie gedoen word nie of reëlings word nie met Karén Reyneke (karen@lsfairland.co.za) getref nie, sal u kind se naam van die lys verwyder word – ongeag of u kind se naam op die A-lys verskyn.

Slegs suksesvolle aansoeke sal na inligtingsoggend genooi word.

Alle inligting rakende 2017 sal aan ouers per e-pos gestuur word nie later as 15 Desember 2016 nie.

(Gr. R-2017: Indeling van klassies en ander inligting)

Neem asb. kennis dat ALLE korrespondensie per e-pos gedoen word.